

# Psalm 37 (5)

## Psalm 37 (5)

Ek gaan dwarsdeur van die *Nuwe Testament en Psalms*. 'n Direkte Vertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (2014) gebruik maak.] Ek gaan 'n paar blogs aan hierdie psalm spandeer.

Billy Graham lees elke maand al 150 psalms. Vir hom het hulle duidelik 'n besondere betekenis. Meeste van ons, ek ingesluit, lees die psalms nie so sistematies nie – ons pik hier en pik daar. Daarom het ek besluit dat ek hierdie jaar 'n bietjie dieper in die psalms wil delf. Ek het veral gebruik gemaak van John Goldingay se drie-volume kommentaar – *Psalms*.

### 37:21 – 26: Vierde vergelyking (37:12 – 26)

<sup>12</sup>*Die goddelose soek die ondergang van die regverdige en bedreig sy lewe.*

<sup>13</sup>*Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom.*

<sup>14</sup>*Die goddeloses trek die swaard en span die boog om die hulpelose en die armes*

*dood te maak, om dié wat die regte pad loop, te vermoor.*

<sup>15</sup>*Die goddeloses se swaarde sal hulle eie harte tref en hulle boë sal stukkend gebreek word.*

<sup>16</sup>*Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses,*

<sup>17</sup>*want die mag van die goddeloses sal verbreek word,*

*maar die Here sal die hulp wees van die regverdiges.*

<sup>18</sup>*Die Here sorg vir die lewe van die opregtes,  
en wat hulle besit, sal hulle behou so lank hulle lewe.*

<sup>19</sup>*In tyd van nood sal hulle nie verleë staan nie,  
in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê.*

<sup>20</sup>*Die goddeloses sal te gronde gaan, die vyande van die Here  
sal tot niet gaan;  
soos mooi weivelde wat in vlamme opgaan, so sal hulle verdwyn.*

<sup>21</sup>*Die goddelose leen en betaal nie terug nie, die regverdige  
kry Hy jammer en help.*

Slegte tye is tye wanneer mense moet leen. Dat hulle nie kan terugbetaal nie is die beloning vir hulle goddeloosheid, want om nie terug te betaal nie, het ernstige gevolge. Die Here is die een wat seën of verkleineer. Om die regverdiges te seën, maak mense voorspoedig. Om vervloek te word, maak mense onsuksesvol en onproduktief.

<sup>22</sup>*Dié wat deur die Here geseën word, sal die land besit;  
maar dié wat deur Hom vervloek is, sal uitgeroei word.*

<sup>23</sup>*Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy  
tevrede is, en Hy ondersteun hom.*

<sup>24</sup>*As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom  
op.*

Die Here verseker dat mense vas kan staan – Hy ondersteun hom, want die Here is tevrede met die pad wat hy loop. Die psalmis

is nie onrealisties nie – hy besef dat die regverdiges ook kan val. Maar die regverdiges val nie op so 'n manier dat hulle nie weer kan opkom nie. Hulle word ook nie uit die land gegooi nie. Die Here neem die hand van die regverdiges wat val en lig hulle op en ondersteun hulle.

<sup>25</sup>*Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.*

<sup>26</sup>*Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente: met sy nageslag sal dit goed gaan.*

Die psalmis het 'n lewe van ondervinding. Die regverdiges het nie net genoeg vir hulleself nie, en daarom kan hy sekere aankondigings maak. Weereens sal die regverdige die land behou. Hulle kan dus hulle nageslag van kos voorsien. Nie alleen het hulle genoeg vir hulleself nie, maar hulle kan ook vrygewig wees en leen aan diegene wat nie het nie.

Die digter wys hoe God die regverdiges en die goddeloses beloon vir hulle uiteenlopende houdings oor geldsake. **Die goddeloses** leen geld, en betaal nie terug nie. Die Here se optrede teen mense wat so maak, is vernietigend: Hy vervloek hulle en roei hulle uit. Rykdom is nie die belangrikste ding in die lewe nie – dit vergaan. Fisieke geweld weeg ook nie op teen die mag van die Here nie. Die Here sorg vir sy kinders in tye van gebrek, veral as hulle nie gierig is nie, maar hulp aan ander verleen.

**Die regverdiges** se houding verskil geheel en al hiervan. Hulle kry arm mense jammer en help hulle deur vir hulle geld te leen *sonder rente*. Met sulke optrede is die Here volkome gelukkig. Daarom beloon Hy hierdie mense; Hy seën hulle; Hy lei hulle op

die regte pad; Hy ondersteun hulle; Hy help hulle op as hulle val; Hy laat hulle nooit alleen nie; Hy sorg vir hulle nageslag.